Kerngedagtes: Sessie 4: Die adder in jou boesem

- Ons almal dra ’n ‘adder’ naby aan ons, wat ons verhoudings vergiftig. Dit maak ons verhoudings negatief. Dit is ons hoogmoed, terwyl die Bybel baie duidelik is dat ons nederig moet wees. (Jak 4: 6 “God weerstaan hoogmoediges, maar aan nederiges gee Hy genade.”)

- Die definisie van nederigheid is: om met God saam te stem oor hoe Hy oor iemand dink. Met ander woorde, as ons meer van iemand dink as wat God dink (as iemand bv. baie geld het en ons plaas hulle op ’n troontjie), of meer van onsself dink as wat ons moet, of minder van iemand of onsself dink as wat God oor ons dink (vloerlap), is dit nie God se gedagtes oor jou of ander nie. Dan wandel ons in hoogmoed.

- Pete Greig sê: “You can never be too bad for God, only too proud”. God kan ons ons sondes vergewe, maar Hy kan niks met hoogmoedige mense doen nie (of na die ander kant, mense wat te min van hulself dink) doen nie.

- Die uitdaging is om alle mense as waardevol te beskou, ongeag of hulle dit verdien, of goed is of hoe hulle my behandel.

- Dit is hoekom Rom 12: 9 - 21 en Fil 4: 5 sê dat ons altyd vriendelik met almal moet wees. Vriendelikheid wys ek het respek vir iemand.

- Mens besef hoe groot God se genade vir die mens is, as mens hoor die engele wat teen God gekies het, is nie verlos nie, maar is uit die hemel uitgeskop. En dit terwyl ons keer op keer genade ontvang, en deur Jesus verlos is. Dit is hoeveel waarde ons vir God het.

- Daarom moet ons mense met daardie selfde waarde behandel.